

UIT GERMANICUS  
Deur  
N.P. VAN WYK LOUW

AGRIPPINA:

*[Aan Piso]*

Dan is dit jy? Ek het jou stem gehoor.

*[Kniel by haar man, Germanicus, en praat met hom]*

Hoe gaan dit? Sê hoe gaan dit? O, die angs  
kom net soos ek alleen is, o die angs,  
die angs...

*[Vir Piso]*

Wat wil jy hê? Het julle nie genoeg?

Het julle nie soos wurms ingevreet,  
en in sy vleis wat lewe; tot hy lê

hier soos hy lê? En ek is soos ek is?

*[Sy vlieg op]*

Nee, ek sal nie bedoord wees, nie berus,  
en nie gelate dra net om hul heers  
en magtig is, en ek so magteloos.

Nee, nee, jy moes dit nie gevra het nie...

Piso, ek sal jou volg! Verskriklik volg,  
volg, volg soos jy my hier geslaan het.

Al die liefde wat die volke en die leërs  
vir hom gehad het, sal ek roep

en dit tot haat maak, en ek sal jou volg  
al vlug jy in die hande van Tiberius...

hy sal jou wegsmyt soos hy jou gebruik het  
want nou's jy vuil en nutteloos vir hom...

en ek sal voor sy huis lê, lê en wag  
tot hy jou uitsmyt.

Ja, ek sal ook sterf,

Maar eers sal ek my laaste liefste kind hê:  
hierdie wraak.  
Ek sal jou volg Piso!  
Volg sal ek jou.  
Sal ek nie pyn kan maak as jy nie voel nie?  
Êrens vir jou vleis gee, spier en senuwees  
wat ruk wanneer die lem raak?  
Êrens in jou keel die skreeu sit dat jy skreeu?  
Jy mag nie sterwe sonder pyn,  
nie sonder vrees - dít sou ontsettend word;  
dis wreed wanneer mens haat en niks as woorde het.  
*[Sy loop na die deur]*  
Ek sal die wag roep. En die donker volk.  
En ek sal skreeu: "Hier is Calpurnius Piso!  
Het julle verneem na hom?"  
Moet my nie keer, Germanicus. Dit is my kind. My kind.  
Ek wil sy dun mond eenmaal net sien skreeu.  
Maar dis verskriklik en verskriklik  
al die angs kom weer;  
my hande en my voete vas, 'n hand  
vas oor my mond, en altyd voor my: Livia,  
Livia, die verskriklike mens.  
Ek is so bang - en hý sien ek is bang.  
Marius! Marius!

---ooOoo---

(Uitgewers: Tafelberg)